Kixpirasie 1: Dankie vir elkeen se commit-*ment*

Bring sjokolade, mentblare of lekkertjies wat 'n peperment (Engels – mint) geur het vir elkeen en/of drink saam peperment tee.

Ysbreker – Aan hoeveel Afrikaanse of Engelse woorde kan julle in 2 minute dink wat die woord "ment" of "mint" bevat?

- Baie dankie dat jy hierdie jaar bereid is om 'n leier te wees by julle Kix groep. Kom ons gesels oor die **commit-*ment*** en wat dit behels om betrokke te wees by Kix...
- Ons gaan kinders leer oor die wonder van die **Ou en nuwe Testa-*ment***. Ons wil ook **eksperi-*ment*-eer** met stories, crafts en speletjies sodat ons 'n ruimte skep waar ons elke kind help om Jesus se storie te ontdek. (Vertel hier van die 4 W's in 'n Kix ontmoeting.)
- Ons kan mekaar ondersteun en mekaar aanvul of **komple-*ment*-eer** om 'n span te wees. Ons wil veral let op ons woorde – dat dit altyd die kinders en mekaar sal opbou soos 'n vars **peper*ment*** geur, al is dit soms uitdagend.

Gee vir elkeen 'n peperment blaar om aan te ruik of 'n peperment lekkertjie om aan te proe. *(Onthou net om die Covid-reëls in gedagte te hou.)*

Lees saam 2 Korintiërs 2:14
Maar aan God die dank! Hy voer ons altyd saam in sy triomftog omdat ons een is met Christus. Deur ons versprei Hy die kennis van Christus oral soos 'n aangename geur.

Gesels saam oor die volgende:
- Waarna sien jy uit hierdie jaar?
- Hoe kan ons mekaar help om 'n "aangename geur" te wees?